

O E S T Y D

1ste kwartaal 2016

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

Diensgetuënis bied aan:

“Gestuur...”-Sendingfees 2016

So 21 Februarie 09:00: Johan Naude (Laudium-uitreike)

So 21 Februarie 18:00: Allen van der Merwe (Mosambieksending)

Ma 22 Februarie 18:30: Diensgetuënis: Getuënistoeërusting aangaande “Gestuur...”

Di 23 Februarie 18:30: Diensgetuënis: Getuënistoeërusting aangaande “Gestuur...”

Wo 24 Februarie 18:30: Diensgetuënis: Getuënistoeërusting aangaande “Gestuur...”

Vr 26 Februarie 18:30: Sendingete

So 28 Februarie 09:00: Morné Ras (Geopende Deure)
Geloofsofferbelofte word opgeneem

So 28 Februarie 18:00: Leon Tait (Sending Sonder Grense)

GELOOFSOFFER-BELOFTE

DANKIE VIR ELKEEN WAT REEDS GEE, EN VIR ELKEEN WAT NOG BESIN EN BID DAAROO - òf hulle moet gee en hoeveel hulle moet gee

GELOOFSOFFERBELOFTE - WAT IS DIT?

- † Ekstra fondse vir wêreldewangelisasie, sonder om gemeente se *dankoffers* te beïnvloed;
- † 'n Ekstra offer bo en behalwe jou gewone dankoffer;
- † Geloofsoffer-belofte is geld wat lidmate, biddend en in afhanklikheid van God en in vertroue op Hom alleen, vooraf belowe vir wêreldsending;
- † Persoonlike verbintenis aan God alleen – dis tussen jou en die Here hoeveel jy gee;
- † Geloofsvertroue en Geloofsgehoorsaamheid aan God. Dit help gelowiges om te groei in hul geloof en vertroue op God.

3 Joh:6 "... help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie."

3 Joh:8 "Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."

WAT 'N GELOOFSOFFERBELOFTE NIE IS NIE!

- 'n Truuk of foefie
- Emosionele armdraai
- 'n Verbintenis aan mense
- 'n Kontantkollekte (geld wat jy reeds het nie)

Hoe word dit bestuur?

- Dis 'n saak net tussen jou en die Here
- Niemand gaan jou ooit persoonlik daarna kom vra nie
- Jy onderneem om dit self by die kerk in te betaal (gebruik Geloofsofferkoevertjies asseblief – dis by kerkdeure en MI-toonbank beskikbaar)

Hoe die Here sulke Geloofsofferbeloftes kan voorsien? Deur

- 'n Onverwagse geskenk.
- 'n Toename in inkomste.
- Beter rentmeesterskap.

Nuusbrief – Desember 2015:

SNIPPERS

Grannies

Dit was regtig 'n voorreg om Hanlie en Tinus saam met ons te gehad het. Die jaar se fondse vir die grannies se gekenkes het grotendeels vanaf New Zealand en vanaf Chenda gekom. Die oumas het 'n baie lekker oggend gehad; geskenkes, eetgoedjies en Nary se gesprek/boodskap. Die 'instelling' om die oumas met geskenke te sien bly 'n ongelooflike voorreg. Die jaar lekker groot handoeke wat hulle ook as kombersies kan gebruik, seep en kos. Emosioneel vang dit my altyd om te sien hoe hulle so sukkel en ouer word - 'dit is onregverdig dat hulle so moet werk al kan van hulle amper nie meer nie' - ook dit weet ek is in God se hande en dit is waar ek dit moet los ...

Chenda het die volgende op facebook geskryf nadat sy saam 'n ouma by haar huis besoek het...

My heart and soul crying when visiting the poor granny of her living with colon cancer. She is in pain, insufficient sleep and food, and no medical care. Though she knows her approaching death, she is very bright and strong believe. 'I know I am going to die soon, but I am

not worried and afraid because I will live with God'. I am very impressed of her beautiful smile along the word while my tear holding inside. Praying for her heathy living, having her favourite food and need always through her end!

Die	Veritas	manne	...
-----	---------	-------	-----

Tertia (VCI Asia) is in die land en werk nou saam met die manne, die week het Tinus en Hanlie saam haar gewerk/gedien. Ek was altyd seer bang omdat ek deur die jare ervaar het Veritas Kambodja gaan vou, dit was my grootste motivering dat ek aangehou en aangehou het ... dalk of dalk nie het ek langer as wat in God se plan was gebly ... ek weet nie.

Ons het na **Sok se kersuitreik en doop geleenthied** gegaan dit was baie spesiaal. Tydens die gelentheid kon ek sien en ervaar dat Sok Tertia aangeneem het as sy leier. Dit het tog bietjie hartseer gemaak dat ek soort van redundant is en nie meer deel is nie **maar** 'n diepe dankbaarheid dat Veritas Kambodja nie sal knak nie het my hart gevul met 'n gemengde, soete borrelende hartseer en blydschap. Veritas, as tool om die Woord te bestudeer is nie vir almal nie, **maar** weet verseker dat dit 'n verskil hier in

Kambodja maak en dit is wat belangrik is.

Persoonlik

Julle onthou asb as 'n verbal processor is dit dikwels gedagtes en idees wat julle hier in my persoonlike 'ruimte' kry :-)- dit is nie planne nie, dalk kan jy saam bid en terugvoer gee :-)

Dit gaan goed met my (die pastorale studies is so reg wat ek nodig het). Sendelinge het met my gesels en gevra om te bid en te vra of ek nie saam met die groep die Khmer wil dien en oplei in berading nie - die is 'n nuwe oop veld in Kambodja. Iets wat die Khmer nie ken nie - ek het nie heeltemal vrede oor dit nie en het geleer om stadiger te loop as wat my hart hardloop. My hart verlang al jare om berading te doen - spesifiek trauma counseling. Ek is dankbaar dat God na jare nou ook die deur oopgemaak het vir die pastorale counseling studies; dit maak my 'n opgewonde student en ek wil net met almal oor die wonder van dit deel - dit is asof al die jare se ervaring nou so saam getrek word vir 'bemagtiging' van 'n jare lange droom

Die afgelope week het 2 Khmer my soort van onverwags 'storm geloop' - Sinet voor die paleis - sy het my vas gegryp en kon nie ophou om drukkies te gee nie. Haar eerste woorde was 'ek

is nog 'n Christen en my man is ook nou een' en 'n man by die doop het na my gekom en gevra 'Onthou jy my, jy het my vrou hospitaal toe gevat en ons vertel van Christus, ek het Hom toe aangeneem en is nou ook 'n Dominee'. Dit was vir my snaaks dat die 2 voovalle plaas gevind het en ook binne die bestek van 'n week. Toe vir God gevra wat beteken dit en ek het onthou van die visioen jare gelede waarin ek die Khmer gesien loop het onder Satan se swaard in donkerte en dat ek toe gehoor het 'set My captives free' - behalwe dat dit 'n ongelooflike voorreg is om dit te kon hoor dink ek dat God dalk deur die 'raaklopery' met die mense vir my soort van wou sê dat daardie deel van my roeping in Kambodja volbring is

'Skuus julle wat nie in visioene etc glo nie - ek het nie daarvoor gevra nie dit het net gebeur en ek het elke keer ongelooflike vrede gehad. Ek het ook 2 keer dmv van visioene ervaar dat God my na kinders geroep het wat in hokke op trailer weg gevoer word en heling nodig het - iemand het gesê dit was ek - ek aanvaar dit omdat God deur Sy genade my op baie vlakke van die abuse in my kinderdae net hier in Kambodja genees het. (wat sou ek net nie gemis het as ek nie bereid was om my comfort zone te verlaat nie!!). Jare na die eerste het ek die 2de keer

presies dieselfde gesien en ge'ervaar ek glo dit is nie ekke nie maar kinders hier in Kambodja.

Bid asb saam met my dat my hart en ore oop is vir God se leiding.

Ander dinge is dat 4 vriende wat ek naby ken Kambodja finaal verlaat om verskeie redes; een is my naaste vriendin van die afgelope 16jaar - dit maak my hartseer om te dink dat dit 99% seker is dat ons mekaar nooit ooit weer sal sien nie. Die seer van voortdurende afskeid is 'n so 'n realiteit op die sending veld - dit is makliker om nie verhoudings te bou nie as om al ewig vaarwel te moet sê ... dié keer op 'n vreemde manier maak dit my onrustig.

Op 'n positiewe opgewonde trant ... ek gaan my kinders en kleinkinders in New Zealand vir 2weke in Desember besoek. Yeah - ek mis die somer net ouma wees soms.

Dankie – somer net baie dankie vir elke gemeente en elke persoon se ondersteuning en saamloop oor die afgelope jaar. Ende Mei is nie so vêr voor ek julle weer kan sien nie!!!! So silly die verhouding storie - maak nie saak waar ek is nie ek mis altyd iemand - julle ervaar dit seker ook

Nuusbrief – Januarie 2016:

Dit is vir my 'n seën om deel te wees van die Westminster Presbyterian gemeente, om weer die Apostles Creed op Sondag te lees en die 10 geboorte te hoor - ek is tuis so tussen al die kulture hier in die kerk. Vanoggend in die kerk sing ons in Khmer 'Bless the Lord oh my soul', my hele menswees kon voor Hom kniel terwyl ek uit volle bors in Khmer juigend sing - my lewe behoort aan Hom. Die wete gee rus, afhanklikheid en vrede in ons gees en lewens wat nie altyd sonder storms en veranderings is nie. Hy bly die onveranderelike in ons lewe, Hy bly die rots waarop ons kan kniel of staan, waar ons kan jubel en juig of soos Job kan smeek vir Sy antwoord in tye waar ons getoets word of onseker is...

Tydens die doop in Sok se village het ek 'n dopeling (man) se gesig gesien wat straal, ek kon nie ophou om na hom te kyk nie, In Christus het ons lewe - Hy gee aan Sy kinders wat die wêreld nie kan besit nie. Ek het gesien hoe mense se aangesig fisies verander van donker na lig as hulle Christus aanneem en het ook gesien hoe hulle gelaat weer donker word as hulle terug keer na Boedhisme. God maak vry en gee lewe.

Sok en ek het lank oor die telefoon gekuier ons kon nie ophou gesels oor gewone dinge nie. In sy 'area' kom pastore van 9 communes (as ek reg onthou) nou gereeld bymekaar om mekaar te ondersteun en soms in mekaar se gemeentes te preek. Dit is abosluit amazing wat in die area waar die Boot van Hoop voorheen gedien het gebeur; t.o.v die Christen geloof. Almal in AOC het saadjies gesaai en God self laat dit ontkiem en groei in Sy tyd. Ek mis hom en my ander vriende - vandat ek by die skool is kom ek nie uit by dit wat vir my belangrik is nie - ***bid asb saam vir wysheid.***

Nary se adulterous man het haar gelos - hy vertel almal dat dit sy is wat nie goed is vir hom nie - op facebook skryf sy 'ek wil selfmoord pleeg'. Na die erge seer en baie gesels hou sy op om voor God te huil en te smeeek dat hy sal terugkom, sy weet dié keer is dit meer finaal as die vorige kere. Is die seer en bangwees van alleen verby? Néé maar dit is spesiaal om te hoor en te ervaar dat sy beter en glad nie bitter is nie, dat haar geloof in Christus hoop vir die toekoms gee. ***Bid asb vir haar en haar 2 kinders. Sy moet ook werk kry. Ek dink daaraan om haar te sponsor vir rekenaar opleiding sodat dit haar ander skills kan komplimenteer.***

Hier skei jy net met 'n geskrewe papier tussen egpare wat geteken is - soms raak die village leader betrokke.

Asian Hope skool

Desember was gevul met die lering aan die kinders tov God Touch and Bad touch. Was nogal baie interessant hoe mens by die verskillende ouderdomme en van klas tot klas moes aanpas om die aanbieding applicable te maak.

Almal is weer terug na die 2 weke breuk. Die skool is sending maar dit is nie grassroot sending nie - ek mis en verlang daarna om regtig medies betrokke te kan wees en lewens te kan aanraak op 'n dieper vlak as wat ek nou kan. Ek ervaar die skool is 'n wrong fit vir my en daarom is ek 'n wrong fit vir die skool. Ek sal graag my laaste jare in Kambodja op grassroots level wil dien - bid asb saam met my vir wysheid.

Warrel wind Desember kuier by my NZ kinders

Die kuier was baie lekker en nogal besig. Die dag na ek aangekom het het ons by kerk 650 kersgeskenk bokse gaan pak vir mense in gemeenskap wat geafekteer is deur crime en vir ander wat swaar jaar gehad het in gemeente. Die tema vir die Christmas walkthrough drama was ook goe. 'n Wyse man het die pad na Christus

verloor en ons het saam hom en inspector Frost van een na volgende vertrek geloop om Hom te soek. Elke vertrek het 'n tema gehad - uitstekend!

Dit het geindig met koffie en gemeentede wat beskikbaar was sou iemand meer oor Christus wil weet.

Die kuier was net te gou oor.

Trek - ja alweer :-) ... My huis maak my letterlik siek met erge erge sinusse, hoesery, keelseer etc ... aan eenhoek se kant is pannelbeaters die verf se wals stroom my huis binne, ander hoek bou hulle nou al langer as 6 maande

erge stof en ander hoek ys fabriek waar hulle soms diesel generator gebruik en die diesel walms my huis soms oorneem.

Bid asb saam my ek soek 'n huis wat goedkoop, skoon en sonder geraas is. Ek probeer so goedkoop moontlik kry omdat ek soveel as moontlik probeer spaar vir my pensioen - plekke raak net al duurder.

Seen vir jou en mag 2016 vir jou gevul wees met vas staan in Hom, pret en vreugde

CORNE DU PLOOY skryf uit FRANKRYK

Epos 20 Januarie 2016

Ek hoop dat julle jaar goed begin het en dat dit 'n jaar v avontuur, ontdekking en seën saam met ons Here Jesus Christus sal wees. Dit bly maar vir my snaaks dat d siviele jaar (Jan - Des) en ons skooljaar (Sept - Julie) nie dieselfde is nie. Dit voel heeltyd of 'n mens in d middel van 'n jaar met iets begin.

Ons "**Kersnaweek**" (19-20 Desember) het goed afgeloop. Die "musikale konferensie" (Tema: hoe Kersfees in Provence gevier word met liederen in

Provençal - 'n plaaslike dialek) is, ten spyte v baie publisiteit, hoofsaaklik deur gemeentede en hulle vriende bygewoon. Bid dat met d tyd en herhaardelike publisiteit ons d plaaslike gemeenskap sal raak. Ons het d aktiwiteit by d kerk gehou. Ons het 'n saal vd plaaslike stadsraad gevra, maar dit is nie toegestaan nie.

Ons optrede by d ouetehuis (sing v kersliedere en kort boodskap) is gewaardeer. 'n Mens weet nie hoeveel d ou mense verstaan nie, want d

meeste se toestand (fisies of sielkundig) is baie moeilik. Die personeel luister wel.

Ons spesiale erediens 20 Des is gewaardeer. Al d kinders kon tydens d erediens deelneem en d middag na d ete het d kategetiese groep en d jongmense groep (tot 19jr) ook 'n klein programmetjie aangebied.

Sylvie, die vrou vd **nuwe familie** van wie ek laas gepraat het, het haar Pa d 29 Des verloor. So, my jaar het met 'n begrafnis begin.

10-17 Januarie het ons 'n **gebedsweek** gehad (organiseer deur d Internasionale Evangeliese Alliansie) - dit stem ooreen met Pinksterbidure in d suidelike halfrond. Die tema vd d week was : Die terugkeer vd verlore seuns. Die Sondag het ons 'n gesamentlike erediens gehad met die ander denominasies rondom d Etang de Berre. Gedurende d week was daar verskillende byeenkomste waarvan een by ons saam met 4 ander kerke - hoofsaaklik "Assemblies of God". Vir d 1ste keer het ons na d biduur iets te ete en te drinke aangebied om 'n bietjie ander christene te ontmoet en 'n bietjie gemeenskap te ervaar. By hierd geleentheid het ons kennis met 'n nuwe onderwyseres by d skool waar ons kinders is, wat 'n kerk in 'n naburige dorp bywoon en wie se dogtertjie groot

vriendinne is met ons jongste Lucie. Een v ons gemeentelede het ook 'n kollega raakgeloop wat ook 'n kerk in 'n naburige dorp bywoon en hulle het nie v mekaar geweet nie.

18-25 Januarie was d **gebedsweek vir d Eenheid onder d Christene**. Die program vir hierdie week is deur d Kerke in Letonie voorberei rondom d teks v 1 Petrus 2:9. By hierd geleentheid het ons by 'n Katolieke Kerk 'n ete gehad gevolg deur 'n tyd v refleksie en deel in kleingroepe rondom d teks. Daarna het ons 'n gesamentlike diens in 'n ander gemeente gehou.

Ons (ons gemeente met drie ander Katolieke Kerke) is ook in d proses om ons voor te berei vir d ontvangs v 'n **Irakese christengesin** wat moes vlug. Daar is d paartjie, met 'n kind en d vrou verwag hulle 2de binnekort, en dan is daar nog d ouma. Hulle sal alreeds vlugtelingstatuts hê (wat hulle toelaat om te werk) wanneer hulle in die land aankom. Hy is 'n werktuigkundige v beroep en d vrou 'n verpleegster. Hulle praat Arabies en Engels. So hulle moet d taal leer en hulle het nog heelwat administrasie om te doen.

26-27 Februarie bied d Teologiese Fakulteit by Aix hulle jaarlikse teologiese konferensie aan oor d vele

forme v ekstremisme wat daar nou in d wêreld is.

6 Maart het ons ons gemeente se algemene jaarvergadering.

Finansies: Tans is ons geld in RSA geblock. Elke jaar in Januarie moet ons vir toestemming by d Reserwebank aansoek doen (R960 vir d aansoek). Die beleid om geld uit d land te neem het verander en ek moet'n belastingnommer hê - wat ek nie in RSA het nie. So, ek moet daarvoor aansoek doen, en v hier-af is dit 'n bietjie complicated - in Frankryk word afskrifte bv nie gesertifiseer nie en sekere

dokumente moet ek voor 'n kommissaris v ede teken, wat nie bestaan nie en by d Polisie verstaan hulle nie Engels (of Afrikaans) nie. Een vd pdf dokumente v SARS wil ook nie oopmaak nie. Bid asb hiervoor.

Bid vir ons **uitreik** einde Junie met 'n Suid-Afrikaanse span - ons gaan 15 000 koeverte (met 'n Lukasevangelie, 'n klein boekie vir kinders wat d evangelie aanbied, 'n brief gerig aan ouers en 'n brief wat ons gemeente bekendstel).

Baie dankie vir julle ondersteuning en voorbidding.

MOSAMBIEKSENDING - ALLEN EN ANSIE VAN DER MERWE

E-pos: 6 Januarie 2016

Baie seën vir jou en jou gesin in hierdie nuwe jaar.

Dankie dat jy gereeld ons nuusbrief lees en ook saam met ons bid.

Vir jou wat nog nie weet nie.

Ons het nou al 'n geruime tydjie begin bid dat die Here vir ons 'n pad moet wys rondom ons toekoms. Allen wat so baie sukkel met Malaria op 'n ouderdom van 63 het net sy tol begin eis.

Ons het ook intussen begin rondkyk vir geleenthede waar ons steeds in sending kan betrokke bly, maar in Suid Afrika, weg van Malaria.

Daar het 'n plek op ons hart kom lê naby Ramsgate waar ons onder Crusade for Christ kan inskuif (nie Capus Crusade nie) en saam met hulle werk.

Na ons besoek daar by CfC en die Woord wat die Here reeds vir ons gegee het voel ons rustig in ons harte dat dit wel daar is waar Hy ons kan en wil gebruik.

Ons voel die Here neem ons in 'n nuwe fase en is baie opgewonde daaroor.

In 'n neutedop is die volgende waarmee ons besig sal wees.

Ons gaan as 'n span werk in 'n groep saam met twee ander gesinne waar Allen hoofsaaklik betrokke sal wees by Evangeliesasie werk dissipelskap en Bybelskool en ek Ansie in CFC se kantoor, maar ook betrokke by fasaliteering van uitreikspanne en die terrein.

CFC het vyf sateliet Bybelskole waarvan een in Swaziland is, die ander in Oos Kaap en in Natal en gaan ook 'n nuwe een vestig in die Suide van Mosambiek.

Ons sal selfs later soos die Here ons lei verder betrokke raak in ander bedienings, soos 'n kinder bediening wanneer Allen diens doen op 'n Sondag in die gemeenskap.

CFC terrein is 13km van Port Edward en langs San Lameer, in die berge. Reg agter hul lê Pondoland en in die area woon 90 000 mense, 35km verder is die grens van die ou Transkei.

Ons gaan wel op die perseel kan woon maar steeds self onderhoudend moet wees.

Ons projekte in Mosambiek gaan steeds voort.

Ons radio projek sal bly voortgaan steeds met ons leiding via internet en foon kontak, alhoewel hul alreeds

selfstandig is. Ons het ondersteuning nog vir ses maande daarvoor.

Die DMP (Disciple making program) word deur die pastors in die area waar ons gewerk het hanteer.

Ons behou ook kontak met die pastors daar per foon, en sal hulle sekerlik besoek wanneer ons betrokke raak by die sateliet skool in die Suide van Mosambiek. Dit is net makliker om een maal per jaar bloot gestel te word aan malaria, as daaglik.

Ons het intussen teen geweldige kostes en baie ry werk deur die hele Desember maand verhuis na die Crusade for Christ gronde in Ramsgate. En in die proses het Allen sy nek beseer.

Ons is tans in die proses om ons bakkie in te voer, Allen ry more oggend na die grens in Komatipoort om die proses aan die gang te sit, en ons het geen idee wat die kostes gaan wees nie. Ons bakkie se windskerm is getref deur 'n groot klip reg voor die bestuurder, en die aansitter hou ook aan met draai. Ons sal dit moet vervang en herstel, voordat ons dit deur die toets hier kan sit, met fondse waarvoor ons net op die Here kan vertrou.

Intussen loof en prys ons die Here vir sy goedheid en genade, en ook vir die deur wat Hy vir ons oop gemaak het hier in Suid Afrika.

Ons nooi jou om ook vir ons te kom kuier met uitreikspanne van enige ouderdom.

Bid asseblief saam met ons vir die volgende:

Ons is dankbaar vir die volhoubaarheid van die radio en Dissipelskap projekte

Dat Allen se nek ten volle sal herstel

Vir ons nuwe bediening saam met Crusaide for Christ.

E-pos: 7 Februarie 2016

Dankie dat jy gereeld ons nuusbrief lees en ook saam met ons bid.

Ons is steeds opgewonde oor die nuwe fase van ons bediening waarin die Here ons lei. Die toekoms is vir ons onbekend maar ons vertrou die Here in Sy lyding.

Ons het nog nie ons voete gevind by Crusade for Christ nie, ons was die hele maand bedrywig met die invoer van ons bakkie.

Behalwe vir die kostes verbonde aan die invoer is daar soveel papierwerk en in en uit Mosambiek toe ryery betrokke, dat ons halfpad deur die proses moet opgegee het en maar besluit het om dit te verkoop.

Omdat tyd en afstand ook 'n groot faktor was, het ons dit maar laat gaan en

kon ons dit verkoop aan 'n medesending, nie vir wat ons graag wou gehad het nie, maar wel genoeg om 'n ander goeie tweedehandse voertuig te kon bekostig.

Die woonstel waarin ons getrek het, het baie opknep werk nodig. Allen het intussen vir ons kombuiskaste in gebou. Daar is nog 'n paar ander goed soos plafon, toilet ens. wat vervang moet word, en die plekkie moet ook uitgeverf word. (As jy niks het om te doen nie, kom kuier gerus!)

Sodra ons uitgesorteer is sal Allen begin met sy werk as Evangelis hier in Pondo land. Intussen is hy ook besig met die herstel werk op die kampus en voorbereiding vir die eerste Bybelskool groep wat op 22 Februarie begin met hulle kursus.

Ek Ansie, het begin in die kantoor hier by CFC, dit is 'n aanpassing om na 12 jaar uit die kantoor "environment" weer my voete te vind in die papierwerk. Dit is nie vir my 'n nuwe veld nie, maar ek mis verseker die mense waarmee ek daaglik gewerk het, en as die Here wil sal ek graag wil betrokke raak met sending in die gemeenskap.

Ons radio projek in Mosambiek is nog aan die gang. Ons is gereeld in kontak met pastor Pedro, hy sê dat daar heelwat getuienisse inkom en mense hom nog per sms kontak om dankie te sê vir die program. Ons is so bly dat hulle aangaan met die projek in ons

afwesigheid. Dankie aan ons ondersteuners vir die inkomste wat ons ontvang vir die projek.

Pastor Oswaldo is in beheer van die dissipelskap in Mosambiek en hy werk nou saam met ons leiers groepe daar. Ds. David Fourie ons mede kollega in die DMP program sal hom op 'n 3 maandelikse basis besoek, wat die dissipelskap kursus daar sal laat voortgaan.

Ons gesondheid is goed en Allen is 'n nuwe mens, sy nek wat hy beseer het, is baie beter. Dankie dat jy saam met ons gebid het vir die herstel daarvan.

Ons jongste seun het 'n baie slegte ervaring gehad. Hy het sy motor en motorfiets verkoop om 'n ander jonger model motor te koop wat op OLX geadverteer was. In die koop proses het

hulle ons kind geroof van al sy geld en hom agter gelaat sonder die voertuig, sy selfoon of enige ander bewyse. Ons kind het 'n saak gaan maak, maar ons het nie baie hoop dat hulle gevang gaan word nie. Wees maar versigtig vir advertensies op OLX. Bid ook saam met ons vir ons seun se gemoeds toestand, hy is maar baie af en sukkel met self vergifnis.

Allen se suster lê in die hospitaal met hart versaking en is ook in die proses met gemoed behandeling, bid saam met ons dat die Here haar sal versterk in hierdie tyd.

Bid saam met ons vir die voorbereiding van die komende Bybelskool.

Bid ook saam met ons vir die Heilige Gees werking in elke student.

LAUDIUM Outreach Group (LOG)

WERKS-VERSLAG - November 2015

ALGEMEEN

Ons wil vir elkeen van harte bedank vir u voorbidding en ondersteuning gedurende die afgelope jaar. Dankie vir elkeen wat ook moeite gedoen het om of op 'n gereelde basis, of van tyd tot tyd, prakties saam met ons uit te

reik in Laudium. Ons weet sommer, die Here se seen rus op u.

Ons het ook gedurende die jaar 'n aantal groepe belangstellendes gehad wat kom kyk het wat gaan in Laudium aan. Weet dit, dat ons julle besoeke hoog op prys stel, want ons weet dat iemand wat goed ingelig en toegelig is, ook meer effektief vir die bediening

kan bid – en ons vertrou dan ook dat u dit op 'n gereelde basis doen.

Die uitreik aksie is nog steeds in volle swang op Maandag aande, die Bybel verspreiding en die DVD-bibleoteek bediening bereik nog steeds die doel waarvoor dit daargestel is – en ons is die Here baie dankbaar daarvoor. Ons plan om in die nuwe jaar te kyk om weer 'n klompie nuwe DVD's aan te skaf om die verskeidenheid aan te vul.

'n KORT GETUIENIS Serisha is 'n jong getroude vroujie wat ons genader het om hulp, omdat sy, oor 'n tydperk van 20 jaar nou al, 'n groot verskeidenheid onaangename bonatuurlike gebeurtenisse in haar lewe ondervind het. Sy kom van 'n Hindoe ouerhuis, en is toe ook met 'n Hindoe man getroud. Voordat sy by ons uitgekom het, het sy onder andere by die Hindoe tempel om hulp aangeklop, en ook later by n Moulana (Moslem priester) aangedoen om tog net asseblief vrygemaak te word van hierdie donker mag wat besig was om haar lewe te verwoes. In albei gevalle is daar vir haar gesê dat hulle niks vir haar kan doen nie, aangesien die mag wat haar bind, te sterk is – (in werklikheid het hulle vir haar vertel dat die binding op haar geplaas is deur die Heilige Gees, wat natuurlik 'n infame leun was, maar hulle het dit gebruik as 'n verskoning om hulle magteloosheid in te verbloem.)

“En toe kom Jesus” In deperaatheid besluit sy toe, maak nie saak wie ookal wat gaan sê nie, sy gaan haar lewe aan Jesus oorgee. Nadat sy dit toe ook gedoen het, het sy al haar sondes van die verlede teenoor Hom bely, en weggebreek van al die dinge van die verlede. Hierop het daar weke en maande se gereelde voorbidding gevolg, waarin die Here een na die ander van hierdie bese magte se houvas verbreek het. Sy het juis gister weer vir ons kom besoek – totaal vrygemaak deur Jesus se bloed.

Die pad vorentoe gaan sekerlik vir haar nog 'n opdraende pad wees, want dis nie maklik om as 'n Christen met 'n Hindoe familie saam te leef nie, maar ons vertrou dat Jesus haar sal gebruik om ook ander na Jesus toe te lei. Bid asb vir haar – dat die Here haar in Sy liefde sal toevou en van haar 'n lewende getuie van Hom sal maak.

Dankie vir elkeen se voorbidding en ondersteuning.

Verslag oor die aktiwiteite van die **'Laudium Outreach Group'** **Januarie 2016**

1. Persoonlike huisbesoeke

Sal ons dit maar beskryf as 'n klein “Gideon's-bende” wat so deur die jaar mense van allerlei gelowe in hulle huise besoek

het, met die doel om Jesus met hulle te deel. Die toeweyding en volharding waarmee die individuele lede van die Groep hierdie Evangeliese taak dryf is vir my regtig 'n bemoediging.

2. **Gerhard, Shereen & familie**

Gerhard & Shereen was deel van die ontstaan en bestaan van die "Laudium Outreach Group". Ware staatmakers! Op die 27ste Januarie vertrek hulle nou as Sendelinge na Indië, om die Evangelie ook daar uit te dra. Hoewel ons natuurlik baie jammer is dat hulle nie verder saam met ons in Laudium sal uitreik nie, bid ons dat die Here hulle ryklik sal seën in hulle nuwe arbeidsveld.

3. **Andre van Niekerk**

Andre & Estie het ook 'n tyd terug by die span aangesluit, met 'n brandende begeerte om Jesus met ander te deel. Hulle het dan ook op verskeie geleenthede saam met ons deelgeneem aan geseënde huis-besoeke. Aan die einde van 2015 het dinge egter 'n ander wending geneem toe Andre gediagnoseer was met kanker. Verlede week het Jesus hom kom haal. Bid asseblief vir Estie en die familie, dat die Here Self hul Trooster sal wees.

4. **Uitnodiging**

En so word ons spannetjie al hoe kleiner. Wil julle nie asseblief vir ons bid, dat die Here 'n begeerte in meer mense se harte sal plant om in hierdie deel van die 'wingerd' diens te doen nie? Die taak hier in Laudium is sommer baie groter as wat ons met die huidige vrywilligers-korps kan hanteer.

En miskien – net miskien, roep die Here nog vir jou om vir ons te kom help met hierdie taak in Laudium. Collin Peckham, wat tans aan die hoof staan van 'n Bybelskool in Britanje, het vertel hoe dat hy as jong man by 'n biduur betrokke was waar spesifiek gebid is dat die Here meer "arbeiders in Sy oesland sal uitstuur". Hy vertel hoe dat, terwyl hy self met oorgawe by die Here gepleit het vir hierdie saak, die man wat die biduur gelei het, sommer so onbeskaamd begin lag het. Collin was so verdwaas oor hierdie onverwagte opterede, dat hy sommer net daar stilgebly het. Nou wat nou? Die man lê toe sy hand op Collin se skouer en sê: "Jongman, hoe kan jy van die Here verwag om ander te stuur, terwyl jy self nie bereid is om te gaan nie?"

Kom sluit by ons aan – die “sendingveld” is nie alleen honderde kilometers van Pretoria af nie, dit lê, prakties gesproke, net buite jou voordeur!

5. Hindoeïsme – gods-diens sonder ‘n verhouding

Hierdie tyd op die Hindoe kalender is geoormerk vir die “Kavadi” fees. Dit is ‘n fees ter ere van die afgod “Murga”. ‘n Mans-persoon sal homself byvoorbeeld tot beskikking stel van hierdie afgod – en die seremonie begin dan waar hierdie man deur die demoon “Murga” beset word en in ‘n soort van ‘n beswyming, of ‘n “trans-toestand” ingaan. Terwyl daar deur andere musiek gemaak word met ‘n verskeidenheid van musiek-instrumente, word die man se liggaam, deur die Hindoe priester, met staal penne en hakke deurboor en “versier” deur vrugte en blomme aan die hakke te hang. Hy trek dan, in hierdie trans-toestand, ‘n soort van ‘n waentjie - wat ook versier is met blomme en vrugte - deur die strate, terwyl hy self, as instrument optree vir hierdie afgod, om andere te seën. Dit alles word gedoen om tog net te probeer om die guns van die

gode te wen. Verskeie ander mense neem ook deel aan die optog, want om sekere voordele soos genesing, materiële voorspoed, ens. van die godheid te verkry, word ‘n gelofte afgelê, dat hulle vir ‘n vasgestelde aantal jare, met ‘n riet-stelasie wat met blomme en vrugte versier is, en wat op hulle skouers gedra word, in ‘n prosesie om die tempel sal stap, om die godheid te vereer.

Die Hindoe panteon bestaan letterlik uit miljoene gode, en elkeen van die afgode het sy eie rituele en offerandes wat op verkillende maniere gedoen moet word. Hulle kan dan ook verskeie van die afgode terselfdertyd aanbid, en by baie van hulle huis-altare is daar selfs ‘n afbeelding van Jesus te vind.

Dit is onder andere na hierdie mense wat die Here ons gestuur het, om die Blye Boodskap van vryheid in Jesus te verkondig.

6. Finansiële Steun

Ons dank die Here vir die finansiële ondersteuning wat ons gedurende die jaar 2015 ontvang het vanaf die NG Kerk Rietfontein, die NG Kerk Moreletapark, die RCA

Charisma die Hatfield Family Church (Northern Campus) en ook vanaf 'n aantal private donateurs. Dankie ook aan elkeen wat so gereeld vir ons bid. Ons waardeer julle betrokkenheid in hierdie bediening, en glo dat die Ewigheid eendag die "dividende" op julle "belegging" sal openbaar.

God's rykste seën vir 2016.

Hoffmann's to India Calling

We have a calling to minister the good news of Jesus Christ to Muslims. This calling we received many years ago when we heard the overwhelming statistics of how little workers are witnessing among the Muslims. Our hearts were touched by the fact that most Muslims are born in this "religion" and very seldom have the opportunity to respond positively to the good news of Jesus Christ.

We have always felt that God has called us to share the gospel of Jesus with the nations. We believe that the time has come for us to take this step in obedience to God's calling.

Frontiers

In the middle of 2014 we started searching for opportunities to get involved in a Muslim country. It is difficult to get visas to go and stay in these countries for longer periods. Therefore Gerhard will have to find work as a

professional for us to be able to stay there. We also believe that it is Biblical to go as tentmakers and it is the best way to get into a Muslim country.

We became aware of Frontiers as a possible organisation to join as they were specifically looking for "professional" people to go to the Muslim peoples of the world. This was a good fit with our calling and started with the enrolment process by the end of 2014.

Why India?

The Middle East is the first place one would think to go as to serve the Muslims. However, only 20% of the unreached Muslims live in the Middle East. The majority of the unreached Muslims live in Central Asia, South and Southeast Asia. Furthermore, with the recent violence exhibited in numerous countries of the Middle East, we were also considering other countries with large Muslim unreached populations.

Frontiers South Africa has a drive to have teams in India, as India has ca. 180 million Muslims, the third largest Muslim population in the world after Indonesia and Pakistan. India is also more amenable to outreach through families. We as a family are already involved in different ministries among Indian people in Laudium through direct witnessing and ministry to children.

Therefore India became a country we explored as a destination for reaching Muslims.

Getting ready to move to India

The time for us to leave for India is very close now! All the arrangements for our stay in India has been finalised with the Frontiers team that we will be joining in India. We will rent a furnished apartment from the language school in Delhi while we study there for the first six to twelve months. This means that we only have to take some clothes and personal necessities when we leave for India. We will start with Urdu classes at the language school in the first week of February.

Children

We are still searching for the right school to enrol Reni and Gerhardus. As Reni will be in Gr 11 it is important that the school she attends provides a matric qualification that is internationally recognised. There are a few international schools in Delhi who do the Cambridge International Examination (CIE) school curriculum which is internationally recognised. One of the schools that we are considering is the Amity Global Schools, of which there are two in Delhi. As you could expect the international school fees are excessive (>R120,000 pa). Therefore we are searching for other more affordable CIE recognised schools in the vicinity of Mehrauli, Delhi where we will be staying. The school year in India starts in April 2016 which leaves us with some time to decide on the best option. Reni and Gerhardus will join us for the Urdu classes until they start school. They will also both start with some home schooling

material in English to prepare them for the language transition.

Prayer points

- *Thank the Lord with us for this opportunity we have to go to the nations.*
- *Thank the Lord for opening doors and answered prayers. (Gerhard received a one year business visa, and Sherene and the children one year entry visas. This is an answer to prayer as these visas can be renewed in India.*
- *Give thanks to the Lord for our partnership team.*
- *Please pray that the Urdu Muslims will come to the knowledge of the Lord Jesus Christ.*
- *Pray for wisdom for our partnership team as they partner with us along the way.*
- *Please pray for the last arrangements in SA with regards to the guest house and getting all the administration in place.*
- *Pray for wisdom to engage Reni and Gerhardus in the right schooling option and for finances for this.*
- *Please pray for our two eldest daughters, Jené and Mari that are staying in South Africa. Mari will start with her first year at Tuks and Jené will continue with studies while working in the food industry.*

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Ek is steeds besig om op die Sondae wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen, spesifiek ten opsigte van die OPERASIE KERSLIEFDE (OKL)-projek wat tydens Desember en Januarie se koue wintermaande 'n groot verskil maak:

Sending Sonder Grense, met die hulp van mense wat dit finansiële moontlik maak, bring blydschap en vreugde aan behoeftige gesinne deur projekte soos Operasie Kersliefde (OKL) en Operasie Winterredding.

Die Dedej familie, wat in 'n baie klein huis in Albanië woon, was in Desember een van die families wat deur hierdie projekte in staat gestel was om iets van die gees van Kersfees te ervaar.

Die Kersseisoen is veronderstel om 'n tyd van feesviering te wees, maar dit is gewoonlik nie vir die Dedej-gesin beskore

nie. Die ouers, Durim en Marjana, is finansiële nie in staat om selfs die eenvoudigste Kersfeesversierings vir hul huis of die goedkoopste kos vir 'n Kersete aan te koop nie.

"Dit is moeilik om 'n huis soos hierdie (wat eintlik uitmekaarval) te onderhou en om in sulke arm toestande te leef," sê Durim. "Wanneer dit reën, lek die dak van ons huis. Dit is 'n ou gebou. Dit behoort nie aan ons nie; ons betaal huur aan die staat."

Marjana, die moeder, vertel: "My kinders het baie hartseer gevoel toe hulle sien hoe ander families en van hul vriende se ouers hulle huise versier en die nodige koop vir 'n Kersete".

Marjana gaan voort: "Ek probeer om die kinders te ondersteun en hulle te help. Dit voel asof ons hoop verloor het. Ons leef vir ons kinders en probeer om soveel moontlik voorsiening te maak vir hulle. Ons het al amper vergeet hoe om te lag, of wat dit beteken om gelukkig te wees.

Gelukkig ervaar ons spesiale oomblikke wanneer Sending Sonder Grense se koördineerders ons besoek en vir ons hoop en troos bring, asook kos en ander hulp.

Ons het groot vreugde ervaar toe hulle vir ons die Operasie Kersliefde-pakkies gebring het. Daar was somer vreugde en geluk asook 'n feestelike atmosfeer in ons huis.

Ons het ons arms om die pakkies geslaan en dit 'n drukkie gegee en dit het gevoel asof ons vir 'n slag 'hoop' omhels. Die

meel, pasta, rys, koekies, olie en ander dinge beteken so baie vir ons!

Bora, ons jongste, is baie bly en vertel nou met trots aan haar vriende van die Kersgeskenke wat God vir ons gegee het en dat sy ook Kersfees soos al die ander kon vier.

Ons is almal bly en dankbaar vir die pakkies wat ons hoop versterk het en vir die mense van Sending Sonder Grense wat vir ons tydens Kersfees omgee het. Dankie uit die diepte van my hart vir hierdie wonderlike geskenke. Dit was 'n baie gelukkige oomblik vir ons en mag God julle seën”.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Sending (as deel van die nuwe Diensgetuigenisbediening)

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie. By voorbaat dank, Sending taakspan